Barok-strykerkursus

Meestersklasse in barok-uitvoeringspraktyk aan die Koepel Kunstesentrum.

27 Sept. – 4 Okt. 2009

A. Verloop Die kursus het op Sondagmiddag 27 September ‘n aanvang geneem. Die twee viooldosente Antoinette Lohmann en Annette Wehnert, die cellodosent Hans Huyssen en so ook die meeste van die 11 deelnemers was reeds teenwoordig; op Maandag het die hobo- en blokfluitdosente Carin van Heerden, die klawesimbeldosent John Coulter, en Simon Duim aangekom, en vanaf Donderdag het die altviooliste Elmarie van der Vyfer aangesluit.

Die dagprogram is gevul met aanvanklike groepsonderrig, waarin die algemene beginsels verduidelik is, en het dan met individuele onderrig in die basistegniek van die barokstrykinstrumente voortgegaan. Reeds op Sondagaand is ‘n voorbereidende orkesoefening vir die uitvoering van die suite “Hamburger Ebb und Flut” van G. P. Telemann en die kantate “Brich dem Hungrigen dein Brot” van J. S. Bach gehou.

Vir die dosentekonsert, wat op 30 September om 13h30 in Potchefstroom en op 1 Oktober om 19h30 in die Holy Trinity Church in Braamfontein, Johannesburg, beplan is, is op Maandagmiddag ‘n eerste oefening gehou. Die bladmusiek vir die konsert van opera-arias is op Dinsdag ontvang, en dit was dadelik duidelik dat die kursusdeelnemers nie aan hierdie konsert sou kon deelneem nie, weens die gebrek aan tyd vir voorbereiding en die moeilikheidsgraad van die musiek. Daar is dus op die onderrig en die voorbereiding van die suite en die kantate gekonsentreer. Soos met die vorige kursus is die beplande teoretiese oorsiglesings weens die konsentrasie op praktiese onderrig nie aangebied nie.

Op Donderdagoggend is die eerste oefening van opera-arias met die soliste op Deelfontein gehou. Die hele Vrydag het die dosente in Potchefstroom in die ouditorium die program geoefen, en op Saterdagmiddag om 2 uur is ‘n aanspeeloefening gehou. Die konsert het om 17h00 plaasgevind voor ‘n half-gevulde ouditorium en was ‘n groot sukses. Na die konsert, wat deur al die deelnemers bygewoon is, het almal na Deelfontein teruggekeer en braaivleis gehou.

Op Sondagoggend om 9 uur het die deelnemers, dosente, koor en soliste in die kerksaal in Vredefort bymekaargekom vir ‘n eerste gesamentlike oefening van die kantate. Om 11h15 het die konsert begin en is deur die verbasende groot gehoor (in ag genome dat dit vakansietyd was) geesdriftig ontvang. Na die konsert is almal terug na Deelfontein waar ‘n gesamentlike middagete met heelwat gaste die kursus afgesluit het.

B. Die Dosente

Annette Wehnert is dosent aan die Konservatorium van Keulen en is sedert 1998 konsertmeester van die Kölner Akademie-orkes. Sy speel in verskeie bekende barokensembles soos Concerto Köln, Musica Antiqua Köln, La Stagione Frankfurt, en die Freiburger Barockorchester. Sedert 1999 is sy lid van Trio 1790 en neem die Klaviertrios van Joseph Haydn op. Sy is ‘n gesogte kamermusiekspeler by ensembles soos Camerata Köln, Epoca Barocca en Island. Talryke kursusaktiwiteite, soos bv. aan die Enescu-Universiteit in Bukarest, Rumenië, rond haar onderrig-ervaring af.

Antoinette Lohmann is dosent vir barokviool en barok-altviool aan die Utrechtse Konservatorium. Haar huidige fokus is op die historiese uitvoeringspraktyk van viool, altviool, viola d'amore, tenoor-viool en viola pomposa, maar sy is ook aktief op uiteenlopende terreine, soos Argentynse tango en volksmusiek. Sy werk mee in onder andere Ensemble Schönbrunn, Camerata Trajectina, Musica Temprana, la Sfera Harmoniosa en die Utrechtse Barok Consort Opnames sluit musiek van Kraus, Danzi, Krommer en Margarethe Danzi in.

Hans Huyssen, komponis, dirigent en barok-tjellis, se aktiwiteite word deur die twee pole vroeë en kontemporêre musiek bepaal, waarby die tradisies van afrikamusiek 'n belangrike rol speel. Hy is stigterslid en leier van die ensemble cosi facciamo, en lei verskeie barokopera-produksies, oa. in Dresden, Minden en München. Sy werke is opgevoer deur oa. die Mozarteum-orkes, die Münchner Symphoniker, die Münchner Kammerorchester en die SA Nasionale Jeugorkes. Hy is tans dosent aan die musiekdepartement van die Universiteit van die Vrystaat.

Carin van Heerden studeer barokhobo en blokfluit in Amsterdam en Keulen, en is tans dosent vir barokhobo aan die Anton-Bruckner Privatuniversität in Linz. Sy is 'n stigterslid van die L'Orfeo barokorkes en van die L'Orfeo Blaasensemble, wat sy lei. Sy tree op met verskeie Europese barokensembles (Junghänel, Koopman, Curtis, Max).



John Reid Coulter is een van die toonaangewende verteenwoordigers van historiese uitvoeringspraktyk in Suid-Afrika. Na sy voorbereidende musiekstudie in Potchefstroom studeer hy klawesimbel aan die Koninklike Konservatorium in Den Haag by Jacques Ogg. Hy is welbekend as beoordelaar by musiekfeeste en het as komponis reeds verskeie toekennings ontvang. Hy het aanstellings aan die universiteite van Potchefstroom, die Witwatersrand, en Pretoria gehad.

Gerhard Benadé studeer moderne fagot by Fanie Jooste en Albrecht Holder, en dulsiaan, barokfagot en klassieke fagot by Christian Beuse in Trossingen. Tussen 1995 en 2005 werk hy as vryskut-fagottis in Duitsland. Hy is tans senior dosent in Wiskunde aan die Noordwes-universiteit.

C. Die Deelnemers.

Karen Hahne (Viool)
Tanya Spiller (Viool)
Madelein Wikner (Viool)
Niels Holm (Viool)
Elmarie van der Vyfer (Altviool)
Renate Venter (Cellol)
Charles Oliver (Cello)
Natasha Zlobinsky (Hobo)
Brett Alborough (Blokfluit)
Judith Smith (Blokfluit)
Simon Duim (Blokfluit)

D. Die Konserte.

„Discorsi in Musica“ op 30 September 2009 om 13h30 in die Konservatoriumsaal in Potchefstroom, uitgevoer deur Antoinette Lohmann, Annette Wehnert, Carin van Heerden, Hans Huyssen, Gerhard Benade en John Coulter. Die konsert is redelik goed bygewoon en geesdriftig ontvang.

Georg Philipp Telemann (1681-1767)
Quadro in g mineur
vir blokfluite, twee viole en basso continuo
Allegro, Adagio, Allegro

Heinrich Ignaz Franz Biber (1644 – 1704)
Sonate Nr. 10 (Kruisiging) uit die Rosenkranz-sonates
vir viool en basso continuo

Dietrich Buxtehude (1637-1707)
Sonate in d mineur, op 1, nr 6
vir viool, viola da gamba en basso continuo
Grave – con discretione – Allegro – Vivace – Poco Presto

Georg Philipp Telemann (1681-1767)
Triosonate in F majeur
vir hobo, viool en basso continuo
Grave, Vivace, Adagio, Allegro

Antonio Vivaldi (1655-1763)
Sonate in B mol majeur
vir tjello en basso continuo (RV 46)
Largo, Allegro, Largo, Allegro

Georg Philipp Telemann (1681-1767)
Konsert in a mineur
vir blokfluit, twee viole en basso continuo
Adagio, Allegro, Adagio, Vivace

Op 1 Oktober om 19h30 in die Holy Trinity Church in Braamfontein, Johannesburg, is ‘n herhaling van hierdie program aangebied. Ongelukkig het slegs 65 toehoorders opgedaag, maar die standaard van die uitvoering was besonder hoog.

„Il Caro Sassone“ op 3 Oktober om 17h00 in die Sanlamouditorium, NWU, Potchefstroom. Die program bestaan uit opera-arias uit Handel operas. Die orkes bestaan uit enkel besette strykers (die dosente van die kursus) saammet drie continuospelers verbonde aan die sangsimposium.

„Vredefort Barok“ op 4 Oktober om 11h15 in die NG Kerk Vredefort. Op die program staan die Suite Hamburger Ebb und Flut van G. P. Telemann en die kantate “Brich dem Hungrigen dein Brot” van J. S. Bach, sowel as die Konsert in a mineur van G. P. Telemann uit die dosentekonsert. Die koor bestaan uit sangstudente van die NWU en die soliste is Deirdre Blignaut, Aukse Trinkunaite en Jaco Klopper.

E. Kursusfinansies.

Item	**Inkomste**	**Uitgawe**
Vlugte		31 036,00
Skenking (NWU)	30 000,00	
Honoraria		18 600,00
Kursusgeld	18 000,00	
Orkes	29 456,00	
Verblyf		14 550,00
Kos		7 930,66
Vervoer		1 881,23
Brosjures		2 275,10
Snare, stokke, DVD	13 288,00	15 034,68
Verlies		11 973,09
Totaal	90 744,00	103 280,76

F. Nabetragting

Die afgelope twee kursusse – in 2008, waarby die Chandos Anthems uitgevoer is, en huidige kursus van Oktober 2009, was albei gemik op die vestiging van barok-uitvoeringspraktyk in Suid-Afrika. Die model in albei gevalle was ‘n drieledige simbiose tussen die Sangskool aan die NWU, die Koepel Kunstesentrum, en Aardklop, wat as verhoog vir die konsert opgetree het.

Georden van algemeen na spesifiek, vervolgens ‘n lys van gevolgtrekkings.

- Te oordeel na die kwaliteit van die afsluitingskonserte, beide subjektief (eie oordeel) en objektief (terugvoering van luisteraars en media) was albei projekte ‘n sukses. Dit het die doel bereik om Vroeë Musiek in die bewussyn van die algemene publiek te bring, en, meer belangrik, dit het groot geesdrif onder die deelnemende musici ontketen.
- Die ervaring tydens beide ondernemings wys dat daar musici is wat gewillig is om te leer, maar dat daar weinig deskundigheid op hierdie gebied in die land bestaan. Die vlak van sofistikasie wat tydens so ‘n onderneming bereik kan word, hang dus enersyds van die vermoë van die deelnemers, en andersyds van die moeilikheidsgraad van die musiek af. Ons kan daarop hoop om met tyd ‘n kern van deskundige musici op te bou wat hoë kwaliteit spel/sang op ‘n professionele basis kan lewer, maar hierdie toestand is op die hede nog nie bereik nie.
- Wat die profiel van die deelnemers aan die sangsimposium vergeleke met die instrumentele meestersklasse betref, was daar ‘n duidelike verskil: Die sangers was meestal studente, terwyl die 10 deelnemers aan die meestersklasse ‘n baie gemengde groep was: Van hulle was 1 ‘n skolier, 1 ‘n musiekstudent, 2 studente in ander rigtings, 4 volwasse amateurmusici, en 2 musiekonderwysers. Afgesien van Elmarie van der Vyfer, wat op Donderdag by die groep aangesluit het, was daar dus geen professionele musikus verteenwoordig nie. Daar is verskeie redes hiervoor: Die tyd in die jaar kort voor die eksamens of gelyktydig met konserte, die moeite vir professionele musici om ‘n hele week weg te breek, inkomste in te boet, en die deelnemersfooi te betaal, die geringe finansiële voordeel wat hierdie kundigheid vir praktiserende musici sal

meebring, die beperkte geleenthede vir uitvoerings in Suid-Afrika op oorspronklike instrumente, en die gebrek aan ondersteuning van Vroeë Musiek by die meeste musiekdepartemente in die land.

- Vir die toekomstige beplanning maak ek dus uit die ervaring van die afgelope meestersklasse die volgende gevolgtrekkings: 1) Die musiek moet met groot omsigtigheid gekies word. 2) Dit moet lank vooraf beskikbaar wees. 3) Daar kan geen ander eise aan hulle tyd gestel word nie. 4) Indien die deelnemers nie die nodige standaard het nie, moet daar voldoende buigsaamheid in die beplanning wees sodat die dosente op hulle eie die nodige dienste kan lewer.
- Die ervaring van die huidige kursus leer dat die program nie te vol moet wees nie, en dat beide dosente en deelnemers op hoogstens een konsert moet kan konsentreer.